# LINDENNUUS

13 Oktober 2017

## KALENDER VIR DIE KOMENDE WEEK

| Datum | Aktiwiteit |
|---|---|
| Naweek: 13 tot 14 Oktober | Atletiek: Grey Byeenkoms |
| Naweek: 13 tot 15 Oktober | Koorkamp |
| Maandag 16 Oktober | Gr 12-Prysuitdeling<br>Gr 12-Eindeksamen begin |
| Dinsdag 17 Oktober | Algemene Jaarvergadering |
| Woensdag 18 Oktober | Somerfees: Fliek-op-die-Veld<br>Serenade Kleedrepetisie |
| Donderdag 19 Oktober | Somerfees: WhattBike Maraton<br>Swemgala<br>Serenade Kleedrepetisie |
| Vrydag 20 Oktober | Waterglybane en speletjies<br>Atletiek: NWU Pukke<br>Koor Gala-dinee |

## VAN DIE BEHEERLIGGAAM

**Algemene Jaarvergadering 2017**

Hoërskool Linden se Algemene Jaarvergadering van ouers vind plaas op Dinsdag 17 Oktober 2017 om 18:00 in die skoolsaal.

Tydens die vergadering sal die begroting vir 2018 vir oorweging en goedkeuring aan die ouers voorgehou word. Die skoolgeld vir 2018 sal ook vasgestel en gehef word indien die meerderheid van ouers by die vergadering dit aanvaar.

Die begroting sal 14 dae voor die Algemene Jaarvergadering by die skool ter insae wees.

Ouers word vriendelik, dog dringend versoek om die Algemende Jaarvergadering by te woon.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

## VAARWEL MATRIEKS VAN 2017

Hierdie week het die Matrieks hulle laaste saalopening bygewoon.

“Alles wat begin moet eindig," was die openingswoorde van Ann Snyman se afskeidsboodskap aan die skool. Sy stel met soveel deernis haar maats gerus dat midde in al die emosies sy rustig en dankbaar is vir 'n skool wat hulle die afgelope vyf jaar gevorm het. Met die wyse woorde van Winnie the Pooh sluit sy haar toespraak af: " How lucky am I, to have something that makes saying goodbye so hard".

Christiaan Smit moedig in sy afskeidsboodskap sy maats aan om lief te bly vir Linden. Heel gepas gebruik hy ook 'n aanhaling van 'n sprokieskarakter, Peter Pan, om sy geliefde skool te groet: "Never say goodbye, because saying goodbye means going away and going away means forgetting".

Na afloop van die saalopening het die Matrieks deur 'n erewag tot op die hokkieveld gestap - die plek waar hulle skoolloopbaan met hul graad 8-kamp in 2013 begin het.

Ons salueer vandag 'n groep leerders wat in die afgelope vyf jaar vele mede-Lindeniete se lewens verryk het en 'n nalatenskap los wat die leerders en onderwysers passievol oor Hoërskool Linden maak.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

## AKADEMIE

**Eksamen**

Die tyd vir ons leerders om rekenskap te gee van die jaar se harde werk is om die draai. Eksamens by Hoërskool Linden is ‘n tyd wat met erns en omslagtigheid bestuur word. Ons doen dus ‘n beroep op leerders om by die eksamenreëls te hou en te sorg dat julle goed voorbereid is.

Die graad 12’s begin Maandag 16 Oktober met eindeksamen en die res van die skool begin Maandag 30 Oktober.

Die eksamenroosters is beskikbaar op die D6-kommunikeerder en die skool se webblad: www.linden.co.za.

**Handboeke**

Die tyd het weer aangebreek vir die bestelling van handboeke en e-boeke vir die 2018 akademiese jaar. Die afsnypunt vir die handboekbestellings is **15 November 2017.** Ons wil u dus noodsaak om vroegtydig alle bestellings te plaas siende dat GEEN bestellings na hierdie datum deur die skool verwerk en aanvaar sal word nie.

Die handboekbestellingslyste is beskikbaar op die D6-kommunikeerder en die skool se webblad: www.linden.co.za

## SPORT

**Skiet**

Die SANSSU S.A’s is nou verby en Linden skuts het soos volg gevaar in hulle onderskeie afdelings.

o.14:
Shellaine de Villiers-Goud in die 10m en Silwer vir die totaal van 10m en 3P.

o.16:
Liza Keyter-Silwer in die 10m
Kyle Maritz-Goud in die 10m
Ronan van Vuuren en Liza Keyter - Silwer (deel van o.16 A span wat 2e algeheel is vir 10m en 3P)

o.21:
Mikhail Fourie en Eric Steyn- Brons (deel van o/21 B span wat 3e algeheel is vir 10m en 3P)

o.16 en o.21:
Ronan van Vuuren, Liza Keyter, Mikhail Fourie, Eric Steyn - Brons (deel van die gekombineerde o.16 A en o.21 B-spanne wat 3e algeheel is vir 10m en 3P)

**Baie geluk aan Ruhan Marx wat gekies is vir die posliga-span wat teen die VSA gaan deelneem**.

Welgedaan Linden-skuts!

Johan Swemmer

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

## SOSIAAL

**Somerfees**

Hoërskool Linden is ‘n skool vol lewenslus, passie en energie waar ons hard werk, maar soms ook ‘n blaaskansie neem om saam te kuier. Juis daarom is dit tradisie by Linden om net voor die eindeksamen ‘n Somerfees te hou.

Die fees skop op 18 Oktober af en duur tot 20 Oktober.

Die program vir die week is soos volg:

- Woensdag 18 Oktober — Fliek op die Veld om 18:00
- Donderdag 19 Oktober — Wattbike Challenge in samewerking met Wattbike en The Practice om 14:30
- Vrydag 20 Oktober — Waterglybane en speletjies op die rugbyveld van 8:00 tot 13:00

Leerders kom Woensdag en Donderdag in skoolklere skool toe en bring hulle tasse saam, aangesien dit ‘n gewone skooldag is.

Vrydag hoef hulle geen tasse saam te bring nie. Onthou asseblief Vrydag julle swemklere, handdoeke en sonroom.

## ADVERTENSIES

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

## Belastingkundige

Kruger en Kie, 'n rekenmeestersfirma in Randburg, benodig die dienste van 'n voltydse persoon met uitgebreide kennis van belastingadministrasie en statutêre werk. 'n Aanleg vir syfers en akkuraatheid is belangrik. Persone met sterk syfervaardighede sal ook oorweeg word vir opleiding.

Die pligte behels die hantering van belastingaanslae, besware, konsultasie en korrespondensie met die SAID. 'n Portefeulje van debiteure moet hanteer word. Statutêre werk sluit die prosesse van maatskappyregistrasies en veranderings by die Registrateurskantoor (CIP) in.

Die aanstellingsdatum is 1 Januarie 2018.
Salaris is onderhandelbaar afhangende van ondervinding en kwalifikasies.

Skakel Nico Welman by (011) 789-1605 of faks u cv na 086 570 7105 of epos na nico@krugerinc.co.za

---

### Selling your vehicle?

I offer the following service;

1) Free valuations on your premises.

2) Immediate payment (We also settle with banks)

3) Immediate transfer of ownership.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.